## DIS 'N INHEEMSE TAAL, SÊ HOOGSTE HOF

# DA begin petisie oor Afrikaans



**Dr. Blade Nzimande, minister van hoër onderrig en opleiding.**

**Christiaan du Plessis**

Die DA het gister begin met 'n petisie waarin die regering gevra word om Afrikaans as 'n inheemse taal te erken.

Dit kom nadat dr. Blade Nzimande, minister van hoër onderwys, wetenskap en innovasie, Afrikaans as "uitheems" geklassifiseer het in sy departement se beleidsraamwerk vir hoëronderriginstellings.

Dr. Leon Schreiber, DA-LP, sê in 'n verklaring in die petisie word geëis dat Nzimande dadelik die definisie van inheemse tale aanpas om Afrikaans in te sluit. Daar word ook geëis dat hy die Afrikaanssprekende gemeenskap in die openbaar om verskoning vra en universiteite versoek om hul taalbeleid aan te pas om ruimte te skep vir Afrikaans se status as inheemse taal.

"Die DA moedig alle Suid-Afrikaners aan om die petisie te onderteken. Ons sal dit dan aan Nzimande oorhandig met die eis dat Afrikaans sy regmatige plek inneem as 'n volwaardige, inheemse Suid-Afrikaanse taal."

Volgens Schreiber volhard Nzimande met sy "onwetenskaplike klassifisering" ondanks die konstitusionele hof se eenparige uitspraak in die onlangse Unisa-hoofsaak, waartydens regter Steven Majiedt daarop gewys het dat die begrip "inheemse tale" Afrikaans insluit. Vroeër is berig die DA het 'n klag teen Nzimande by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien weens sy "haatdraende en ongrondwetlike" aandrang dat Afrikaans 'n "uitheemse taal" is.

Nzimande het teruggekap deur te sê Afrikaans moet van 'n "wit regse agenda gered word". Hy beskuldig die DA ook daarvan dat hy Afrikaans wil gebruik as instrument om te keer dat die meeste Suid-Afrikaners toegang tot onderwys kry.

Volgens Schreiber het Nzimande hom skuldig gemaak aan die soort "skreiende wanvoorstelling" waarteen regter Majiedt gewaarsku het deur besware teen die klassifisering as "rassisties" en "nasionalisties" af te maak.

Die departement se beleidsraamwerk, in sy konsepfase, definieer tans "inheemse tale" as "tale wat hul ontstaan in Afrika het en tot die suidelike Bantoetaalfamilie behoort".

**Anë van Zyl** berig intussen dr. Thandi Lewin, adjunk-direkteur-generaal van hoër onderrig en opleiding, sê hulle wil regsadvies inwin om duidelikheid oor Afrikaans se status as inheemse taal te kry.

Die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch het voorheen gesê die uitsluiting van Afrikaans as inheemse taal is "wetenskaplik foutief en ideologies gekleur".

■ Teken die petisie op die webwerf AfrikaansIsInheems.co.za.

## Gesin, werkers neem luislang na veiligheid

**Marietie Louw-Carstens**

'n Allemintige luislangwyfie van 5 m lank is Woensdag buite Tzaneen in Limpopo van 'n gewisse dood gered.

Rouan Snyman, wat vir die Letaba-brandbeskermingsvereniging in Westfalia werk, sê dit was " 'n eer en 'n belewenis" vir hom om dié luislang te kon red.

'n Kollega het vroegoggend die slang oor 'n besige grondpad sien seil in die beboste gebied en vir Snyman daarvan vertel.

Snyman is nie net 'n groot slangliefhebber nie, maar is ook gefassineer deur skerpioene en spinnekoppe.

Hy sê hy vind dit hartverskeurend dat mense slange uit onkunde doodmaak.

Die Suider-Afrikaanse luislang, *Python natalensis*, is 'n hoogs bedreigde spesie.

"My oudste seun, Ewan (10), se gunsteling-slang is 'n luislang. Gelukkig is hy en sy boetie by die huis vir die skoolvakansie, so ek kon hulle saamvat."

Snyman sê die slang, wat sowat 50 kg weeg, was besig om haarself op te krul onder 'n bloekomboom toe hulle haar kry.

"Die weer was lekker koel en sy was baie rustig, maar haar krag was skrikwekkend."

Nadat Snyman die slang onder die boom weggetrek het, het Ewan en sy boetie, Liam (7), hulle verkyk daaraan.

Op 'n video wat van die proses geneem is, kan 'n mens hoor hoe Ewan opgewonde sê: "*Check* daai tande daar bo".

"Van die werkers is baie bang vir slange en verwys sommer na die luislang as 'n anakonda," sê Snyman.

Hy sê daar is merke op haar rug waar sy vermoedelik vroeër brandwonde opgedoen het.

Terwyl hy die slang se kop stewig in sy hande vashou, het sy haar bek wyd oopgesper.

"Kyk haar tong, kyk haar tong," sê Liam opgewonde. Ewan het gehelp om die lengte van die slang te meet deur langs dit in treë af te tel. Die twee boeties het selfs langs die slang gehurk en versigtig oor haar gestreel.

Snyman het die slang met die hulp van 'n groep werkers agterop 'n bakkie gelaai en na 'n veilige plek geneem.



**Rouan Snyman, sy twee seuns, (Liam (7) en Ewan (10), saam met Raymond Maimela, Thabiso Lamola, Matheus Mafologela en Ruan van der Westhuizen Woensdag met die reuse-luislang wat hulle buite Tzaneen gered het.**

## Tafelberg-sweefspoor benoem as die heel beste in die wêreld

**Carl Thomas**

Die sweefspoor op Tafelberg is vir die eerste keer in sy bestaan benoem as die wêreld se beste sweefspoor in vanjaar se Wêreldreisspryse.

Die sweefspoor is al sedert 4 Oktober 1929 in bedryf.

Washida Parker, besturende direkteur van die Table Mountain Aerial Cableway Company (TMACC), sê hoewel hulle swaargekry het weens die koronaviruspandemie, is daar uiteindelik tekens van herstel.

"Die benoeming vorm deel van die positiewe nuus waarop ons gewag het. Ons wil graag wen, veral omdat ons met wêreldbekende sweefspoorritte meeding."

Die lys mededingers in dié kategorie sluit in Bondinho Pão de Açúcar in Brasilië, die kabelkar by Sun World Ba Na Hills in Viëtnam, die Disney Skyliner-sweefspoor in die VSA, Mi Teleférico in Bolivia, Peak 2 Peak 360 in Kanada, die Skyline Queenstown in Nieu-Seeland, asook die Wings of Tatev in Armenië.

Tafelberg is ook benoem as die beste toerisme-trekpleister in Afrika vir 2021, 'n titel wat die berg al drie keer gewen het. Die V&A Waterfront en Robbeneiland is ook in dié kategorie benoem.

"Hierdie benoemings is 'n ongelooflike eer en die tydsberekening kon nie beter gewees het nie," sê Parker.



**Tafelberg se sweefspoor is vir die eerste keer in sy bestaan benoem as die wêreld se beste sweefspoor in vanjaar se Wêreldreisspryse.**

Andy Davies, voorsitter van Friends of Table Mountain, sê hulle is glad nie verbaas dat die sweefspoor benoem is nie.

"Ons is geseënd met 'n pragtige berg omring met uitsigte op die see. Tafelberg het oor die jare bewys dat hy 'n groot trekpleister vir toeriste is en die benoeming is welverdiend."

Davies sê die Tafelberg-sweefspoor is uniek. "Jy sien die hele Kaapstad. Jy sien Leeukop, jy sien die see, jy sien die stadion. Dit is 'n belewenis om daardie uitsig te geniet."

Hy moedig Suid-Afrikaners aan om aanlyn te gaan stem.

"Ons wil wen. Sulke prestasies is kardinaal vir toerisme."

Om te stem vir Tafelberg se sweefspoor, besoek www.worldtravelawards.com/vote.

Die skakel sluit om middernag op 25 Oktober.

## Oorlogsmuseum se 90 jaar met kunswerk gevier

**Marita Herselman**

Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein het gister ter herdenking aan sy 90ste verjaardag 'n kunswerk onthul wat die museum se drie aanbouingsfases deur die jare uitbeeld.

Die museum het sy deure in 1931 as 'n klein, eenvoudige gebou vir die publiek geopen. Dit was nadat die Nasionale Vrouemonumentkommissie oor die jare ná die onthulling van dié monument in 1913 toenemend meer Anglo-Boereoorlog-artefakte van die publiek gekry het, vertel dr. Johan van Zÿl, hoof van wakkundige dienste van dié museum.

"Dit het gelei tot die gedagte om 'n spesiale gebou digby die monument op te rig waar al sulke voorwerpe versamel, bewaar en vertoon kon word."

Die gebou, waarvan die hoeksteenlegging op 26 April 1930 was, is danksy bydraes opgerig.

Senator W.J.C. Brebner, lid van die Nasionale Vrouemonumentkommissie, het die hoeksteen in die teenwoordigheid van 'n groot skare gelê, onder wie talle leerlinge van die Hoër Meisieskool Oranje, sê Van Zÿl.

Die gebou heet sedert 4 Junie 1930 die Oorlogsmuseum. Dit is einde Julie 1931 voltooi en die museum se werksaamhede het in September daardie jaar met drie personeellede begin. Vandag werk daar 26 mense.

Van Zÿl sê dié kommissie het voor die museum se amptelike opening 'n landwye oproep om skenkings van voorwerpe uit die oorlog gedoen en het ook vanuit Nederland en Duitsland artefakte gekry.

"Die museum speel 'n gewigtige rol in nasiebou, versoening en veral sosiale kohesie," sê Tokkie Pretorius, die museum se vyfde direkteur, oor die museum se hedendaagse rol.

"Dit is nou 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse museum. Dit is in die afgelope dekade en meer van 'n Afrikanermuseum in 'n Suid-Afrikaanse museum omskep."

Hy sê die pyn wat die oorlog veroorsaak het, is universeel, en die museum dra 'n universele boodskap uit.

Nannie Henning, 'n Bloemfonteinse waterverfskilder, het die kunswerk van die drie aanbouingsfases in opdrag van die museum gedoen.

Henning moes van foto's af werk, waarvan een in swart en wit, en 'n ander net 'n lyntekening was. Sy skilder oor die algemeen landskappe en blomme.

Sy sê dit was 'n groot maar lekker uitdaging om die werk te skilder, omdat dit argitektonies korrek moet wees. Dit sal in die museum aangebring word.



**Tokkie Pretorius, direkteur van die Oorlogsmuseum, saam met Nannie Henning by die kunswerk wat sy in opdrag van die museum vir sy 90ste verjaardag geskep het.** Foto: MLUNGISI LOUW

## Oktober beteken 6de Tuindag-viering is om die draai



**Of jy nou net 'n paar potplante in die huis het, of 'n kleurvolle tuin soos dié een in Pniël, naby Stellenbosch, onthou om op 17 Oktober saam Tuindag te vier.**

Die mooiste maand is hier en vanjaar is Tuindag – wat op 17 Oktober gevier word – selfs meer spesiaal as voorheen.

Tuinmaak is een van die stokperdjies wat wêreldwyd baie gewild geword het te midde van die koronaviruspandemie.

'n Opname deur GlobalData, 'n maatskappy wat data ontleed, wys tuinmaak is die tweede gewildste stokperdjie sedert Covid-19-inperkings wêreldwyd ingestel is.

Dit is net 'n kortkop agter kosmaak.

Mense het nie net buite tuin gemaak nie, maar binnenshuise ruimtes met potplante versier, of selfs 'n klein eie oerwoud in die huis geskep.

Tuindag word vanjaar vir die sesde keer gevier en gee Suid-Afrikaners landwyd die geleentheid om hul groen ruimtes – ongeag hoe groot of klein dit is – te vier.

Of jy nou 'n groentjie-tuinier is met net 'n vensterbank vol potplante en of jy 'n ervare tuinier is met 'n uitgestrekte grasperk en jou eie geheime oor hoe om te herplant, bolle op te deel of steggies te maak – Tuindag is 'n geleentheid om al jou harde werk te vier.

As jy blink idees en plantinspirasie vir die dag benodig, het Gardenday.co.za nuttige inligting om jou te help om die perfekte viering te beplan, insluitend idees vir resepte, aflaaibare uitnodigings vir jou viering en ook dinge om saam met die kinders te doen in die tuin.

Kry die jongste nuus, inligting en inspirasie by @GardenDaySA op Candide, Facebook, Instagram, TikTok en Twitter. Volg die Tuindag-beweging by @GardenDaySA #GardenDaySA en deel jou tuinvreugde daar.

BOSTON CID

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)**

Die Boston Community Improvement District NPC (Boston CID) het 'n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2022/23.

**Weens COVID-19 en die moontlikheid van veranderinge in vlak, raadpleeg asseblief die webtuiste vir verdere inligting oor die prosedure vir die algemene jaarvergadering.**

Datum: 28 Oktober 2021
Tyd: 18:30
Plek: SDA Kerk 54 Boston Straat, Boston

Slegs bona fide-lede van die Boston CID kan stem by 'n AJV. Alle eienaars van eiendom wat binne die Boston CID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 22 Oktober 2021.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.bostoncid.co.za, stuur 'n epos aan secretary@bostoncid.co.za of skakel 076 197 6816**

X1WX65AM-DB011021

10% AFSLAG OP WYNAANKOPE

Covid 19 regulasies in plek

Windmeul KELDER

PLAASMARK
2 Oktober 2021
ONS IS WEER TERUG!

08:00 tot 12:00 (onderdak) | Ontbyt – R70 (tot 11:00).
Wynverkope 09:00 tot 15:00.

BEPERKTE KAARTFASILITEITE. BRING KONTANT.

R44 & Vrygunspad, Paarl | Tel: 021 869 8100 | www.windmeul.com

Mommy & Me Expo 2-3 Oktober 2021 VENUE D'ARIA MOMMY MALL donato events